# GR-kwalifikasie bied jou internasionale kanse

## Opleiding in dié veld in SA word hoog aangeskryf

**Letitia Watson**

Geoktrooieerde rekenmeesters (GR's) het die hoogste professionele rekeningkundige kwalifikasie in Suid-Afrika, wat vir hulle plaaslik en internasionaal deure in 'n wye beroepsveld oopmaak.

"Die kwalifikasie is baie veelsydig, want alle bedrywe het rekenmeesters nodig - of dit nou mynwese, die vervoer-, kleinhandel- of hotelbedryf is. Die GR kan ook as belastingkonsultant, ouditeur (ná verdere eksamens) en in die akademie werk, of sy eie onderneming vestig. Dit is 'n uitdagende loopbaan, maar baie interessant en lonend," sê prof. Johan Oberholster, bestuurder van die Universiteit van Pretoria (UP) se program vir geoktrooieerde rekenmeesters.

GR's het voorts 'n baie goeie kans om werk te kry.

Die UP het byvoorbeeld in 2013 en 2014 telkens meer as 200 aspirant-GR's gelewer, waarvan elkeen reeds 'n werk gehad het toe hul studies voltooi is - voorwaar 'n prestasie in 'n land waar die werkloosheidskoers tans 25% is.

Die kwalifikasie bied ook ruimte vir internasionale beroepsmoontlikhede in veral finansiële bestuur, ouditkunde en rekeningkunde.

"Suid-Afrikaanse GR's word wêreldwyd baie hoog aangeskryf," sê Oberholster.

Om jou as 'n GR te bekwaam, is nie speletjies nie. Daarom beveel Oberholster aan dat leerlinge reeds op hoërskool toegewyd moet wees om uitstekend in veral wiskunde te presteer en hard te werk, want GR-programme by tersiêre instellings het hoë keuringsvereistes. Hoewel rekeningkunde nie by UP as voorvereiste gestel word nie, word leerlinge sterk aanbeveel om dit tog op skool as 'n gr. 12-vak te neem.

Goeie leesvaardighede is ook uiters belangrik vir suksesvolle tersiêre studie en Oberholster wys daarop dat 'n leesspoed van 350 woorde per minute en 'n gepaardgaande 80% begripsvlak, ideaal is.


Hy verduidelik verder dat daar basies twee studieroetes is wat studente kan volg om hulle as 'n GR te kwalifiseer. Dit behels volledige heeltydse studie soos by die UP asook by 13 ander geakkrediteerde universiteite; of deeltydse studie deur die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa). Omdat die kursus baie veeleisend is, beveel Oberholster aan dat, indien enigsins moontlik, studente eerder heeltyds studeer.

Dit duur gewoonlik minstens sewe jaar om te kwalifiseer as 'n GR, wat 'n akademiese komponent van vier jaar, asook 'n praktiese opleidingskomponent van drie jaar, behels.

Indien die kursus heeltyds aangepak word, sal dit tipies die volgende behels: 'n BCom in rekeningkundige wetenskappe of 'n soortgelyke graad wat drie jaar duur en daarna word die sertifikaat in die teorie van rekeningkunde (STR) oor een jaar voltooi (dit word saam met 'n nagraadse diploma of honneurs aangebied).

Ná afloop daarvan skryf die aspirant-GR sy eerste professionele eksamen (ITC) by die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAIGR of SAICA) in die Januarie of Junie daarna in Afrikaans of Engels.

20 maande later word die tweede professionele eksamen (APC) afgelê.



**Suid-Afrika se GR-kwalifikasie word internasionaal hoog aangeskryf en bied dus ruimte vir internasionale beroepsmoontlikhede in onder meer finansiële bestuur en ouditkunde.** Foto: ISTOCK

Indien 'n kandidaat albei die eksamens (ITC en APC) slaag, is daar sowat 'n jaar van praktiese opleiding oor voordat die aspirant-GR as 'n lid van die SAIGR kan registreer en die titel GR(SA) mag gebruik.

Studente wat dit as 'n studierigting oorweeg, moet mooi na die uitslae van die tersiêre instellings kyk voor hulle besluit waar hulle gaan studeer.

"In 2015 was UP en die Universiteit van Kaapstad se eerstekeer-slaagsyfer byvoorbeeld gesamentlik die beste in Suid-Afrika van die vier residensiële universiteite wat meer as 200 eksamenkandidate tot die ITC bygedra het.

"Kyk eerstens na die uitslae van die ITC (eerste professionele eksamen). Die eksamen kan herhaal word, daarom is die slaagsyfer van eerstekeerkandidate van 'n universiteit belangrik."

Volgens Oberholster moet daar verder ook gekyk word na hoe goed die beoogde universiteit se STR-slaagsyfer is.

Leerlinge wat 'n beurs wil verwerf, moet dalk groot finansiëledienstegroepe en ouditeursfirmas nader.

"Dis egter moeilik om as matrikulant reeds 'n beurs te kry. 'n Student moet eerder probeer om in sy eerste jaar baie goed te presteer en dan met dié punte om 'n beurs vir sy verdere studie probeer aansoek doen."

Oberholster sê studente moet die firma of maatskappy waar hulle 'n beurs wil hê, leer ken, want beursverskaffers vereis gewoonlik dat die praktiese opleidingstydperk by hulle voltooi moet word.

"Elke maatskappy se kultuur verskil. Probeer dus oor vakansies by verskeie plekke werk om meer oor hul werkkultuur te leer.

"Dit is belangrik dat jou drie jaar van praktiese opleiding in 'n omgewing voltooi word waar jy dit geniet om te werk."

*This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission.*